Ps 91

Geliefdes,
Elkeen van ons gaan op een of ander stadium van ons lewe deur beproewing. Dit kan die dood van ‘n geliefde wees, of ‘n siekbed of werksprobleme. In daardie situasie raak ons as gelowiges soms moedeloos, bekommerd of selfs bang.
Die boek van Psalms is dan juis ‘n boek wat ons in sulke tye kan en moet gebruik om ons geloof te versterk en om dan juis die wonderlike Woorde van troos en beskerming van God te hoor.
Hierdie psalm val uit in 3 dele –

- ‘n belydenis
- die beskerming wat die gelowige geniet,
- ‘n verrykende belofte van die Here vir die getroue gelowige.

Die skrywer van hierdie psalm begin deur sy geloof in God te bely. Hy sê: “Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet…” Met hierdie woorde veronderstel die skrywer dadelik ‘n baie besondere band. Alleen die wat in ‘n opregte persoonlike verhouding met die Here staan, dit is hy wat die beskerming van God ontvang. Dit is alleen die gelowige wat sy uitkoms in nood van die Here kan verwag.
Vir die gelowige is die Here ‘n toevlug en ‘n veilige vesting.
‘n Toevlugsoord is ‘n plek waar iemand wat in fisiese nood verkeer na toekan vlug. Daar weet hy dat hy ingeneem, gevoed en versorg sal word. ‘n Veilige vestig is ‘n plek soos ‘n fort. Die gelowige weet dat as hy daarin gaan sal hy bewaar word van aanvalle en sal hy veilig wees.
In die digter se geloofsbelydenis gebruik hy 4 Name van God om God te beskryf. In die Allerhoogste God – die Enige ware God, die Skepper van hemel en aarde. In die Almagtige Skepper van hemel en aarde wat dit en die gelowige bewaar. En Hy vertrou op die Here die God van die verbond – die God wat sê dat Hy altyd vir my ‘n God sal wees. Die God wat se beloftes vasstaan. Dit is dan ook nie ‘n veraf God in wie die gelowige sy vertroue stel nie, maar ‘n persoonlike God. So kan julle ook as doopouers hierdie vrede kan hê dat God julle kinders sal beskerm.

Kyk ons rondom ons, kan ons nie anders as om die God raak te sien nie. Kan ons ook nie anders as om ons geloof in die God te bely nie. Maar om hierdie vertroue te kan uitspreek moet hierdie God persoonlik in jou lewe teenwoordig wees. In Jesus Christus het Hy persoonlik in jou lewe ingekom. Hy het mens geword. Deur die Heilige Gees het die God van ons harte God in ons harte geword. Die gelowige digter stel dit duidelik net die wat waarlik hierdie persoonlike verhouding met God het kan uitroep – My Here en my God! (V2)

Hierdie beskerming wat God die gelowige elke dag bied is algemeen, persoonlik en in wonders.
Algemeen:
Deur elke dag vir ons ‘n skuilplek te wees. God wat sy Vaderarms om ons vou. Die vrede en rus wat ons in sy teenwoordigheid vind in ons Bybelstudie, in ons daaglikse lewe.
Persoonlik:
So persoonlik dat Hy belowe om by jou te wees. Hy sal so by jou teenwoordig wees dat jy oor leeus en adders sal loop en niks sal met jou gebeur nie! Maar is dit waar? Sê God hier dat Hy so persoonlik in my lewe teenwoordig sal wees dat geen onheil my tref nie? Is dit wat God hier belowe? Dit is gewoonlik hier waar gelowiges in hulle vertroue en geloof geskok word. Hulle verwag dat as jy ‘n Christen is daar nooit moeilikhede oor jou pad sal kom nie.
Wat hierdie persoonlike beskerming beteken is die volgende:
Die leeus en slange wat hier van gepraat word is die swaar en seer, die beproewings en versoekings van die lewe. As jy jou vertroue en uitkoms in en deur Hom alleen verwag, SAL Hy jou daardeur dra. Jy sal oor en deur die beproewinge en versoekinge kom. Jy sal dit nie net oorkom nie, jy sal dit doodtrap! Daarmee bely die gelowige dat die swaar en die seer reeds deur

Christus oorwin is. Hy het dit met sy kruisdood nie alleen verdra nie, maar dit OORWIN – doodgetrap!
Hy stuur ook sy engele om jou oor die klippe in die pad te help. Ons het immers die verlossing van die mag wat die sonde oor ons lewe gehad het verkry. Die verlossing stel my en jou instaat om met Christus oor 'n muur te spring en om 'n bende storm te loop (Fil 4:13)

God se beskerming vind ook in wonders plaas. Die wonder van genesing na 'n siekbed. Die wonderbnaarlike bewaring uit 'n motorongeluk of selfs uit die puin van 'n gebou soos ons sopas ook beleef het.

Wanneer ons so persoonlik met God leef, glo ons ook dat as ons om krag en leiding bid, ons dit van Hom sal kry deur sy Woord. Een van die grootste probleme vandag in ons geloof is kleingeloof. Soos Jesus vir sy Petrus aangespreek het in Mat 14:31 oor sy kleingeloof in die bewaring van God in moeilike omstandighede.
Hierdeur roep God ons op om opnuut tenvolle in geloof op Hom te vertrou.

'n Verrykende belofte
Vir die wat waarlik in geloof, deur geloof en met geloof lewe, belowe die Here sy bewaring. Die gelowige wat waarlik God as sy beskermer bely sê God: Ek sal jou altyd beskerm
Ek sal hoor as jy bid,
Ek sal jou red
Ek sal jou die lewe gee.
Hierdie wonderlike beloftes is elke ware kind se deel. Ons kry dit, maar God eis iets. Hy eis totale geloofsoorgawe en vertroue. Dat ons ons hele lewe, ons denke gedagtes, dade, werk en huwelike in sy hande sal plaas.
Hy eis ook dat ons sal bid – want dan sal Hy hoor en uitkoms gee.
Wat is die verrykende belofte vir die gelowige?
Ek sal hom in sy eer herstel – God sal ons nuut maak. Soos wat ons was voor die sondeval. En jou 'n lang lewe gee. Dit is die ewige lewe wat belowe word vir toegewyde kinders wat die beloftes wat God ons gee syne gemaak het Sondag 23 vr en antw 61.

Die Psalm laat ons uitsien na dit wat kom. Die Oordeelsdag wanneer ons saam met Hom op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel sal leef.

Hierdie beloftes staan so vas en seker dat God reeds van ons dankbaarheid daarvoor eis. Dat ons lewe nou reeds sal getuig van dankbaarheid vir hierdie bewaring en eindelike verlossing wat ons uit sy hand deur die regverdigmaking van Christus ontvang het.
Is jy 'n dankbare kind wat sy Vader dank en prys vir sy liefde en versorging?
AMEN